Maandag

Mat 14: 22 – 32, 16: 21,22; 28: 16 – 20. Job 38: 1 – 11. Teks Matteus 28: 17: Toe hulle hom sien het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. Tema Christus bring ons tot aanbidding nie verering nie. Dieselfde dubbele reaksie van aanbidding en twyfel kry ons in die wonderwerk waar Jesus op die water loop en sy opstanding as mens van vleis en bloed uit die dood uit. Die Griekse woord wat as "neergeval" in Mat. 14:33 en in Mat. 28: 17 as aanbidding vertaal is, is presies dieselfde woord. Daarom behoort die vertaling vir die dissipels se reaksie op Jesus wat op die water loop vertaal te word as " in aanbidding neergeval." Om Christus as God te aanbid is heeltemal iets anders as die verering van Christus. Matteus stel met Jesus se verskyning as mens na sy dood dat sommige van die dissipels getwyfel het of hulle Christus moet aanbid. Hulle het nie getwyfel dat hulle Christus weer as lewende mens sien nie, maar wat hulle moet Hom moet doen. Nou wat het die dissipels dat met Jesus vir 3 jaar lank gedoen terwyl hulle Hom gevolg en al sy wonderwerke gesien het? En die antwoord is dat hulle Hom as Christus vereer het maar nie aanbid het as God nie. Dit het net vir 'n kort oomblik na Hy op die water geloop het en toe eers met sy opstanding as mens uit die dood gebeur. Wat die verskil is tussen om Jesus as die Christus te vereer en Hom as God te aanbid sien ons in die dissipels se reaksie op Jesus wat op die water loop. Hulle is vasgevang op 'n klein roei vissersbootjie in 'n storm en is besig om te vergaan. Christus het hulle die direkte bevel gegee om oor die meer te roei. Terwyl hul in die storm vasgevang is, kom Jesus vroegoggend na hulle op die water aangeloop. Toe hulle Hom sien het hulle Hom nie aanbid nie maar vreesbevange geraak omdat hulle geglo het hulle sien 'n spook. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat 14: 22 – 32, 16: 21,22; 28: 16 – 20. Job 38: 1 – 11. Teks Matteus 28: 17: Toe hulle hom sien het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. Tema Christus bring ons tot aanbidding nie verering nie. Die dissipels sien die Here Jesus maar glo Hy is 'n spook. Dit is presies dieselfde reaksie van die dissipels volgens die Lukas evangelie met Jesus se verskyning na Hy uit die dood uit opgestaan het: Hulle was verskrik en beangs en het gedink hulle sien 'n spook. (Luk. 24: 37) Hulle reaksie wys ons hoe hulle Christus vereer het maar nie aanbid het terwyl hulle hom gevolg het. Wat is die verskil? Aanbidding word openbaar in die eerste gebod: Jy mag naas die Here jou God nie ander gode hê nie. Jy mag net God as God aanbid en dien want uit god, deur god en tot God is alle dinge. Uit God se raadsplan gebeur alle dinge, deur God se krag is alles geskep en word alles in stand gehou en alles bestaan tot diens aan God. Aanbidding is liefde vir god. Aanbidding is om God met hou hele hart (met alle gevoelens in jou), met jou hele siel (met alle geestelike ingesteldhede), met jou hele verstand (met alle gedagtes en kennis) en met al jou kragte ( elke daad) te eer, te loof, te dien en te dien. Verering is heeltemal iets anders. Verering is om te begeer en te glo dat God sy goddelike krag, mag, wil en persoon met jou sal deel sodat jy 'n goddelike mens met 'n goddelike lewe sal wees. Dit is soos 'n seun se verering van 'n rugbyheld: in sy verering van sy held deel hy in die krag en lewe van sy held en word hy sy held. Petrus se eerste reaksie na Jesus hom verseker het Hy is nie 'n spook nie maar Homself, is seker een van die mees bisarre houdings denkbaar. Petrus is in lewensgevaar en vrees vir sy lewe maar as Jesus hom verseker dit is Hy wat op die water loop is Petrus se eerste reaksie: " Ek wil ook!" Hy roep nie om redding en hulp nie, maar wil onmiddellike soos Jesus wees en doen wat Jesus doen. Hy soek dadelik die mag en krag van Jesus. Die Here Jesus het nie op water

geloop om vir sy dissipels te wys wat hulle oom kan doen met goddelike kragte wat Hy hulle sal gee nie. Hierdie magsdaad van god het net een keer in die hele skepping gebeur en sal nooit weer gebeur nie. Hier openbaar Christus hy self is God. Hy wys nie wat Hy ander mense kan laat doen nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Mat 14: 22 – 32, 16: 21,22; 28: 16 – 20. Job 38: 1 – 11. Teks Matteus 28: 17: Toe hulle hom sien het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. Tema Christus bring ons tot aanbidding nie verering nie. Uit die profete en wysheidsboeke van die OT sien ‘n mens duidelik wat die Here Jesus oor Homself openbaar wanneer Hy op water loop. Volgens Job 38 was God alleen en niemand anders by Hom toe Hy die skepping uit niks gemaak het nie. Net God dam die water van die see in en stel aan die see sy perke. Niemand anders nie. So verklaar God aan Job dat Hy alleen die grens stel aan die trotse golwe van die see. Dit is as wie Jesus Christus homself openbaar wanneer hy deur die magtige deinings van die golwe in die storm loop. Hy is God! Jesus Christus is die Skepper wat aan die mag van die golwe grense stel. Dit is hierdie magsdaad wat die dissipels vir ‘n oomblik in aanbidding voor Christus laat neerval. Hy het openbaar dat alle dinge is uit Hom, deur hom en tot Hom. Maar Petrus se eerste instinktiewe reaksie op Christus is openbaring as God is nie aanbidding nie, maar die drif en begeerte: “ Ek wil ook!”, “ Ek wil ook soos Christus wees en doen wat die Christus doen”, “Jesus loop op die water en ek wil ook soos Hy op die water loop en Hy moet my die goddelike krag en mag daarvoor gee, want ek is sy volgeling.” Hy wil deur God ook bemagtig word soos hy glo dat God Jesus bemagtig het, terwyl Christus wys wie Hy alleen is. Hy is die Here van die see, die wind, die swaartekrag, laagdrukstelsels en die wateroppervlaktespanning wat ons in en deur alle magte geen vertroos, bewaar, beveilig, beskerm en behoue laat bly. Maar hierop is Petrus se eerste reaksie nie om Jesus Christus as God aan te roep met die noodkreet: “Here help my” nie, dit is maar “ Ek wil ook!”  Petrus vereer Jesus onmiddellik as die Christus wat hom ook moet gemagtig dat God deur hom net soos deur Jesus magtige dade laat doen. Petrus aanbid nie in hierdie drif Jesus Christus wie alleen God is en doen wat net God kan doen nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Mat 14: 22 – 32, 16: 21,22; 28: 16 – 20. Job 38: 1 – 11. Teks Matteus 28: 17: Toe hulle hom sien het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. Tema Christus bring ons tot aanbidding nie verering nie. Ons moet versigtig wees vir die verkeerde uitleg van hierdie wonder asof Petrus met ‘n groot geloof uit die boot geklim het en toe op die water geloop het tot sy geloof klein geword het. Só asof hy kon doen wat Jesus gedoen het terwyl hy sy oog op Jesus gehou en nie na die golwe gekyk het nie, maar sy groot geloof verloor het toe hy na die golwe gekyk het en toe nie meer kon doen wat Jesus gedoen het nie. Die geloof waarmee Petrus uit die boot uit geklim het, is die ongeloof waarvoor Jesus hom in Mat. 16: 23 aanspreek: jy bedink die dinge van mense en nie van God nie. Die dinge van mense is om deur God met goddelike wysheid, krag en mag bemagtig te word. God se dinge is dat Jesus die Christus is wat sondaars red. Jesus wys Petrus oor sy kleingeloof tereg. Dit is sy kleingeloof waarin Jesus Christus nie God is nie maar Iemand is wat hom moet bemagtig met God se krag en mag. Om op te hou glo “jy kan soos Jesus”  is nie kleingeloof nie. Wat is geloof in Christus? Dit is die ironie van wat Petrus doen. Toe

hy deur die krag van die natuur oorweldig word, roep hy in hierdie nood Jesus Christus aan as God met die kreet: “Here, red my!” Dit is presies die teenoorgestelde verwagting in Christus as die drif: " Ek wil ook!" In hierdie noodkreet roep Petrus Christus aan vir wie Hy is en wat Hy doen: Jesus Christus is God wat ons red uit wat ons onsself nie kan red nie. Petrus roep hier Christus aan soos net God aangeroep kan word: uit U alleen is my redding, deur U alleen is my redding en tot U alleen is my redding. En dan doen Christus wat net God kan doen – Hy red Petrus uit die stormgeweld van die see en wind. Só openbaar Christus in sy redding van Petrus uit die mag van die golwe dat Hy is die Skepper wat die golwe van die see inperk, in grendel en ‘n grens aan hulle mag stel soos God Homself in Job 38 openbaar en Hy is God wat deur sy lyding en opstanding as mens in ons plek ons red van ons sonde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat 14: 22 – 32, 16: 21,22; 28: 16 – 20. Job 38: 1 – 11. Teks Matteus 28: 17: Toe hulle hom sien het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. Tema Christus bring ons tot aanbidding nie verering nie. Ons aanbid Christus wanneer ons Hom aanroep: Here red my. Ons vereer Christus wanneer ons hom vra om ons ook die dinge te laat doen wat Hy doen. Christus bring ons tot aanbidding, nie verering nie, in sy openbaring van wie Hy as God is en wat Hy as God vir ons doen. Dit is die magsverklaring van Jesus as die Christus in Mat. 28: 17 “Aan My is alle mag op hemel en op aarde gegee.” Christus het alle mag op hemel en aarde as God om ons te red, te bewaar en te beskerm. Daarvoor kan ons hom vertrou, eer, dank en dien. Christus het nie alle mag ontvang sodat Hy God se wysheid, magte, kragte en outoriteit aan sy ondersteuners kan uitdeel nie. Ons moet die diepte van die spiritualiteitsdwaling in ons kerk in hierdie openbaring van die Here ontdek. Wat is hierdie alternatiewe verering van Jesus Christus wat nie aanbidding is nie, volgens die Woord van God? Dit is die ontheiliging van Jesus Christus as God. Dit is die werklike drif van al die nuwe mentors, leiers en geestelikes! Hulle wil met hulle wysheid, innigheid, krag en mag vir jou wys – “ ek kan soos Jesus!”, “ Ek sal jou wys en leer, jy kan ook soos Jesus!” Met hierdie spirituele drif “ ons kan ook soos Jesus” ontheilig hulle Jesus Christus as God. Maak hulle Jesus die “ maestro”, dit is die dirigent van al die wêreld se spiritualiteite, maar in hierdie ere-posisie wat hulle aan Jesus toedig, is Hy nie meer die Here wat ons aanroep as God: “ Here red my nie!” Hulle ontheilig die Here Jesus want Hy is in hulle identifikasie met Hom nie meer God uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is en wie alleen aanbid kan word met algehele liefde van hart, verstand, siel en krag nie. Hy is nou net die spirituele leier deur wie mense as goddelik vereer word net soos Jesus. In hierdie vererende ontheiliging van Jesus Christus as God word Hy nie meer aanbid nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus